HEIDEKOPPIE NUUS

HEIDEKOPPIE
Die Gemeente met Oop Deure

BELEEF BEHOORT BEDIEN

"Eer aan God in die hoogste hemel,
en vrede op aarde
vir die mense in wie Hy 'n welbehae het!"
Lukas 2:14

DOOP

Die volgende kinders word vanoggend gedoop:

- Emily Anne Jenkins (Ouers: Shawn en Aldene)
- Willow Radyn (Ouers: Riaan en Maryke)
- Karlienke Visser (Ouers Jaco Johann en Johanda)
- Neill Visser (ouers Deon en Liné)

Baie geluk aan hierdie ouers en kinders! Bid saam vir die ouers vir die groot taak wat hulle het om hulle kinders op die regte pad te lei.

EREDIENSTE

VANDAG

Deuroffers: Bybelverspreidingsfonds
ADVENT
Blywende vrede / Peace that holds
Luk 2:8-20
Ds Anton

08:30
- Kontemporêre Diens
- Bababediening, Kinderkerke, Space (Gr 7-10) afsluiting vir die jaar

10:15
Klassieke Diens

BELYDENIS VAN GELOOF

Janko Conradie Burger lê vanoggend Belydenis van Geloof af.

Baie geluk Janko met hierdie geloofsmylpaal!

GENIET DIE SKOOLVAKANSIE!

Gemeente met Oop Deure I H.v. Protea- en Stasieweg, Brackenfell I 021 981 2690
admin@heidekoppie.com I www.heidekoppie.com I www.facebook.com/Heidekoppie
https://www.youtube.com/user/heidekoppie / https://www.instagram.com/heidekoppiegemeentemetoopdeure/

Leraar: Ds Anton Roux 083 504 2613 ants@heidekoppie.com
Jeugwerker: Adam Barker 074 172 9187 adam@heidekoppie.com

VERJAARSDAE

Baie geluk aan die volgende persone, 70 jaar en ouer, wat verjaar!

DESEMBER

08: Reanette Mostert, Lukas Theron
09: Kleintjie du Plessis
10: Babette van Niekerk, Stella Venter
11: Nico Hoepfner
12: Bettie Mätschke (92jr), Beulah Matthee

BEWYS VAN LIDMAATSKAP

Cornelius Albertus Janse van Rensburg vanaf Evangelies Gereformeerde Kerk Randfontein.

Johanda van Niekerk (nou Visser) vanaf Vredenburg-Akkerdyk.

Deon Visser vanaf Suider-Strand en Liné Loubser (nou Visser) vanaf Prince Alfred's Hamlet

Louise Finck

Baie welkom aan die nuwe lidmate! Ons vertrou julle gaan 'n geloofstuiste by Heidekoppie vind.

BEDIENINGSLEIER

Antoinette Smit is verkies tot Bedieningsleier van die Nuwe Intrekker Bediening.

Ons bid vir haar baie seën toe vir hierdie nuwe rol!

DANKOFFERS

SnapScan

Snap here to pay

Gee jou dankoffers dmv

- EFT
- Snapscan
- Koevertjie (in voorportaal)
- Debietorder
- Inbetaling by die kerkkantoor

"Apparently there's no good or bad children anymore...only misunderstood!"

E-skakel:
https://pos.snapscan.io/qr/Uk4Z6AES

BANKBESONDERHEDE: NG Kerk Heidekoppie, Absa Brackenfell Universele Kode: 632005 , Tjekrekening nr 145 058 0674

GEMEENTEDINGE



Ingrid besig om die doopkersies van Desember en Januarie voor te berei.

LANGTAFEL 2025!

SPACE EN JUNIOR KINDERKERK

BID SAAM

16 DAE VAN AKTIVISME TEEN GEWELD TEEN VROUE EN KINDERS

VERTEL JOU STORIE

Is jy of jou dogter al op sosiale media of 'n *dating app* geterroriseer / verneder / afgekraak deur mans of seuns?

Stuur jou storie aan Jackie by admin@heidekoppie.com en ons plaas dit anoniem om ander te waarsku en ook te laat besef hulle is nie alleen nie.

Vader van almal wat gebroke is

Ons bring vanoggend al die vroue en dogters voor u wat slagoffers is of was van aanlyn- mishandleling.

Almal wat vandag stukkend, verneder, vuil, skaam, kwaad, waardeloos, bitter, skuldig, hartseer verward, verwerp en oneindig alleen voel.

U weet hoe vroue skuldig voel oor dinge waaraan hulle geen skuld het nie. Hoe sosiale media gesprekke oor en oor in hulle koppe afspeel en hulle wonder waar hulle die fout gemaak het. Hoe hulle stoei met "beter" wil wees. Hoe bang hulle is dat iets gaan "uitkom".

U weet hoe hulle stilbly omdat hulle skaam is oor wat gebeur het en oor wat gesê is en hulle eie goedgelowigheid. U weet hoeveel emosies so diep weggesteek word dat hulle dit nie eers aan hulself wil erken nie.

Jesus, ons smeek u

- Bring genesing en maak hulle weer heel; ook al die onsigbare wonde. Genees ook hulle snellers ("triggers") wat emosies weer oopbreek.
- Kalmeer die storms in hulle harte.
- Bevry hulle van skaamte.
- Breek emosionele kettings wat hulle nog aan hulle mishandelaars bind.
- Beskerm hulle en omring hulle met engele en Godvresende mense wat saam met hulle sal stap terwyl hulle genees.
- Help hulle om die leuens, dat hulle onwaardig is om liefgehê te word, te verwerp.
- Help hulle om weer te vertrou en om lief te hê sonder vrees.
- Gee hulle die moed om hulp te soek.
- Verwyder bitterheid uit hulle siel. Herstel hulle vreugde, bring die ligtheid in hulle gees terug en vul hulle met u vrede.
- Genees hulle pyn en gee aan hulle 'n nuwe begin. Laat hulle lewens getuienisse wees vir U.

Verwerk uit 'n artikel op https://bibleversesandprayers.com

ALLERLEI

NG GEMEENTE BELLVILLE-NOORD
VAKATURE: SKRIBA
Volwasse, ervare individu met balans tussen taakgerigtheid en mensgerigtheid.
Werksure: Dinsdag - Vrydag van 09:00 tot 13:00 en eerste So van elke maand, na kerk (Meathstraat 69)
Pligte Sluit o.a. in

1. Algemene admin: Ontvangs, telefoon en navrae, weeklikse aankondigings, skakeling met leraars en kerkvergaderings, notules, lidmaatregisters.
2. Finansies: (Werk nou saam met die finansiële beampte.): Tel van geld, kwitansies, betaal van lone, salarisse, WVF, belasting, basiese boekhou.

Vereistes: Minimum: Graad 12, 3jr ondervinding in verkieslik kerklike, finansiële en administratiewe omgewings. Vaardig in Excel, MS Word, Outlook, PowerPoint. Vertroud met plasing van inhoud op sosiale media.

Vergoeding: Onderhandelbaar
Aansoeke:
Rig aan Die Kerkraadvoorsitter en stuur per e-pos aan ngkbellnoord@mweb.co.za .
Aansoeke moet vergesel word van 'n volledige CV.
Sluitingsdatum: 15 Januarie 2026 Diensaanvaarding: 01 Februarie 2026.
Navrae: Bianca Kitching by 021 948 1624 of ngkbellnoord@mweb.co.za
Volledige advertensie by https://kaapkerk.co.za/skriba2025_bellville-noord/

DAGBOEKE BENODIG

Badisa Trio benodig 29 Dagboeke vir hulle maatskaplike werkers vir 2026. Dit hoef nie almal dieselfde te wees nie.

As jou maatskappy dalk 'n paar dagboeke oor het, oorweeg om dit aan Badisa Trio te skenk.

Kontak Sjean by 021 987 2940 of kraaifontein4@badisatrio.org.za of lewer af by die kerk of kerkkantoor (Merk Badisa Trio).

PLASTIEKSAKKE

Racham benodig deurlopend plastieksakkies vir die vervoer van vrieskasprodukte.

Lewer af by die kerkkantoor of bring kerk toe.

DANKIE!

Een van die toilette in die damesbadkamer het die afgelope tyd probleme gegee, is herstel en is daarna twee maal vervang.

Dankie aan Netwerk Makelaars wat nie net die regmaak en vervanging gereël het nie, maar ook op eie koste 'n gat in die muur herstel het, ekstra teëls gekoop het, 'n ander toilet se deksel vervang het en ook een van ons dreine herstel het!



7 x 2245 = 3.56 MP , 474 KB) [99 / 439] 48%

EREDIENSTE
Desember 2025

Sondag 7 Des 08:30
Afsluiting
Kinderkerke en Space

HEIDEKOPPIE
Die Gemeente met Oop Deure

KERSDIENS
25 DESEMBER
08:30

EREDIENSTYE

7 Desember 08:30: Kontemporêre Diens
10:15: Klassieke Diens
14 Desember 08:30 Erediens
21 Desember 08:30 Erediens
25 Desember 08:30 Kersdiens
28 Desember 08:30 Erediens
Geen Oujaarsdiens